


AFHANKLIKHEID VAN GOD

Om die Satan met gesag en sekerheid teen te staan is **afhanklikheid van God** nodig. 'n Geesvervulde Christen se lewe is van God afhanklik. Selfs Jesus sê dat Hy niks op eie inisiatief kan doen nie (Joh. 5:30). Jesus bely ook dat alles wat Hy doen van die Vader kom (Joh. 17:7). Jesus sê ook: *Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei* (Joh.16:13). Geesvervulde gesag is nie onafhanklike gesag nie. Sonder God kan jy niks doen in jou stryd teen die sonde nie (Joh. 15:5). Dit moet vir jou tot groot troos en inspirasie wees om te besef dat jy nie die oorlog teen die Satan en sy magte voer in jou eie krag en vermoë nie. Jy staan die Satan in sy aanslag op die gelowiges teen in die krag van God wat Hy aan jou gee deur die Heilige Gees. Daarvan is jy absoluut afhanklik.



DIE DOOIE LETTER

Paulus se woorde: "Die letter maak dood, die Gees maak lewend" (2 Kor. 3:6b) word verkeerd verstaan en ook skeef toegepas. Mense verstaan "Die letter is dood" in letterlike sin dat die Bybel (in sy letters) dood is. Ander sê dit gaan nie om die letter nie maar om die gees van die Bybel. Nie die geskrewe letter is die gebonde woord nie, maar die vrye en onsienlike Gees moet dit doen. Dit is 'n verkeerde uitleg.

Die "letter" moet verstaan word in die verband waarin dit voorkom. Dit gaan om Paulus se bediening. Daar is 'n onderskeid tussen die ou en nuwe verbond, die ou en nuwe testament. Die hoogtepunt van die ou verbond is die tien gebooie wat God self geskryf het. Onder "letter" moet dus verstaan word "**wet**". Die wet hou vir die oortreder geen belofte in nie. Die wet hou vir die sondaar net vloek en oordeel in (2 Kor. 3:9; Gal 3:10). Teenoor die wet-sondergenade staan die lewendmakende Gees: "die Gees maak lewend". Die Evangelie wys die weg aan tot saligheid en die ewige lewe deur die geloof in Christus. Die Evangelie is ook metgesel van die krag van die Heilige Gees, waardeur die geloof in die uitverkorene gewerk en bewaar word. So word Gods uitverkore kind uit die dood van die sonde opgewek en lewend gemaak. Teenoor die ou bedeling van die wet wat 'n bediening van die dood van die verdoemenis is (vs. 7 & 9), plaas Paulus die bediening van die Gees, omdat die nuwe bedeling besonderlik gekenmerk word deur die werk van die Heilige Gees. *Dr Nico van der Merwe*



SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 6 Februarie 2011

Nommer 4

JOU GEVOELENS EN JOU GODSDIENS

Mense vra dikwels vir jou: Hoe *vóél* jy oor dit en hoe *vóél* jy oor dat. Dit beteken dat jou standpunt oor 'n saak gevra word. Mense wil weet hoe voel jy as *Christen* oor die lewe? Hou in gedagte dat mense van mekaar verskil en dat hulle standpunte van mekaar sal verskil. Almal "*voel*" nie dieselfde oor sake nie. Sommige word maklik bang, ander word maklik gespanne, party borrel oor van vreugde en ander is pessimiste, defaitiste of fataliste.

- ◆ Die Bybel sê hoe die Christen moet voel: *veilig!*
- ◆ Die gelowige moet voel hy is *veilig* in God se hande.
- ◆ Dit beteken dat die gelowige *vrede met God* het.
- ◆ Sulke vrede bewerk jy nie self nie maar God skenk dit aan jou – *vrede met God*.
- ◆ Dis vrede wat mense nie kan verstaan nie. Dit gaan selfs menslike gevoel te bowe.

Die vrede van God word aan alle soorte mense gegee; ook banges en vreesagtiges. Ook die wat angs weens druk nie afgeskud kan kry nie. As hulle *glo* het hulle vrede met God te midde van die verskrikkinge en bedreiging van hierdie lewe.

- ◆ Vir baie mense voel die angsvolle tyd waarin ons lewe so sonder vrede met God. Baie stort hulle harte uit in die pastorale spreekkamer oor die angs en vrees.
- ◆ Dit is noodsaaklik om elke dag te werk aan jou verhouding met God. God gee dan krag en deurstellingsvermoë. Dan gaan dit nie meer om jou gebroke gevoelens nie, maar dan is dit 'n vaste geloof in God.

Dr. Nico van der Merwe

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
6 Februarie	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds
13 Februarie	Barmhartigheid	Dankbaarheidsfonds
20 Februarie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 6 Februarie tot Saterdag 12 Februarie 2010

Sondag 6 Februarie 2011	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 6 Februarie 2011	Katkisasie - Les 3	10:30
Sondag 6 Februarie 2011	Erediens	18:00-19:00

Vrydag 11 Februarie 2011 is dit 152 jaar sedert die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, op 11 Februarie 1859, te Rustenburg

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 6 Februarie 2011	Wyke 6 en 7
Sondag 13 Februarie 2010	Wyke 8 en 9
Sondag 20 Februarie 2010	Geen teeskink

**PAJAMA-PROJEK**

Die Diakonie loods 'n projek om vir elke kind in Huis 3 'n pak warm winter-pajamas te gee. Hulle het tans nie warm slaapklere vir die komende winter nie. By die uitgange is plakkate met elke kind se naam en ouderdom op. Neem een van die prente as u bereid is om te help. As u dan die pajamas bring, kan u net weer die prentjie bo-op plak. Dan weet ons vir wie dit bedoel is. Skakel Martie Venter of Hanlie Mocke vir meer besonderhede. Dankie by voorbaat!

DORDTSE LEERREËLS HOOFSTUK 2**Artikel 1 - God se geregtigheid eis betaling van die sondeskuld**

God is nie alleen in die hoogste mate *barmhartig* nie maar ook in die hoogste mate *regverdig*. Sy *geregtigheid* – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

**Artikel 2 – Jesus Christus as Borg en Middelaar**

Ons self kan geen voldoening gee om ons van die toorn van God te bevry nie. Daarom het God uit oneindige bramhartigheid sy enigebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.



Dr. S.P. van der Walt van Benoni is op Sondag 30 Januarie 2011 op 'n gemeentevergadering beroep na hierdie gemeente. Ons vra voorbidding vir hom in hierdie besluit.



55-PLUSSERS - 2011

Datum: Saterdag 26 Februarie 2011

Tyd: Vertrek 11:00 vanaf Kerk

Plek: Hannes Pelser se Plaas

Spyskaart: Potjiekos, potbrood en plaatkoekies

*Ons breek diè jaar bietjie weg van die gebruikelike bring-en-braai en maak regte, egte boerekos in 'n potjie. Ons beplan hoender- en beesstert- of skaapskenkelpotjie. Ons sal sorg vir al die bestanddele van die potjie, brood en plaatkoekies. Elkeen moet net sorg vir sy eie **eetgerei en drinkgoed** (genoeg vir 'n lang dag!)*

Prys: R30 per persoon (vir aankope van die vleis, ens.)

Vervoer: Dui asb. op die lys in die portaal aan indien iemand vervoer benodig plaas toe.

Kleredrag: Gemaklik en informeel, stapskoene, hoed, sonblok en sambreel.

Tema: "Dinge wat jou laat jubel". Maak solank 'n lysie van ten minste 5 dinge wat jou laat juig en jubel en bring die lysie saam.

Ons nooi almal hartlik uit na die gesellige uitstappie. Ons wil graag almal van diè ouderdomsgroep daar hê.

FRANCOIS SNYMAN

082 451 1408



VROUENAWEEK

Die susters van Klerksdorp-gemeente reël 'n Vrouenaweek op **11 en 12 Februarie 2011** (H/v Flamwood-rylaan en Smitstraat, Flamwood)

Vrydagaand: Braai en lekker saamkuier

Saterdagoggend: Samekoms – spreker – **Kobus van der Walt**

Tema: Put uit die Aarde

Koste: R25 pp

Kontak Carien Lion-Cachet by 018 468 8282 vir meer inligting.



Verjaarsdae

7 Februarie	Hennie Senekal
7 Februarie	Frans Labuschagne
8 Februarie	Frik Steyn
8 Februarie	Johan van Rooyen
9 Februarie	Jonathan Gainsford
10 Februarie	Marinelda van Aswegen
13 Februarie	Louis du Plessis
13 Februarie	Bekkie Hanekom
13 Februarie	Denise Pretorius

Baie geluk met julle verjaarsdae. Mag die Here se seën op julle rus in die nuwe jaar.



Laat asseblief weet as die besonderhede van bostaande verjaardae nie korrek is nie of as u naam per ongeluk uitgelaat is. Ons stel dit met graagte reg!

Susters

Saamroepster vir Februarie: Santie v.d. Westhuizen

Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:

Januarie en Februarie: Wyke 26 – 28, 1 en 5

SUSTERSAAMTREK-Saterdag 12 Maart

GK Wolmaransstad

Ons susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfoo: R80 per persoon

Tema: "Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes."

Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom

Seremoniemeester: Elma Postma

SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB.

VOOR VRYDAG 11 FEBRUARIE 2011 DIE DAGFOOI

INBETAAL BY BETS OF KOTIE.

- ❖ **Br. en sr. Johan en Hanlie Mocke** het die afgelope week 'n spanningsvolle tyd beleef toe hul seun, **Tiaan**, en sy vriendin, **Natasha**, in Kaïro op die lughawe gestrand was toe feitlik alle vlugte opgeskort is as gevolg van die onrus in Egipte. Die SA Ambassade het gelukkig ingetree en hulle is uitgevlieg Istanbul toe. Hulle het Dinsdagaand veilig in S.A. aangekom. Ons is saam met julle dankbaar!
- ❖ **Br. Piet Kruger, sr. Vicky Scheepers en Oom Kosie Smit** word tans nog in die hospitaal behandel. **Oom Peet van der Walt** was ook die afgelope week vir toetse en waarneming na 'n hospitaal in Pretoria. Ons bedede is dat die Here aan u almal spoedige beterskap sal gee.



WÊRELBIDDAG VIR VROU

- ❖ Op 4 Maart 2011 om 10:00 word die Wêreldbiddag vir vroue in die Gereformeerde Kerk Klerksdorp gehou. Almal is welkom. Die tema is: Hoeveel broodjies het jy? Navrae: Curly by 083 978 3380.



HOSPITAALBESOEK

Hartlike dank aan alle lidmate wat Oom Pottie help met hospitaalbesoek. Oom Pottie maak gereeld (soms daaglik) 'n draai by die hospitale. Sr. Alida Buys besoek hospitaalpasiente op 'n Dinsdag en sr. Sophia van der Merwe op 'n Donderdag. Indien moontlik, kan ander susters wat help, op Maandae, Woensdae, Vrydae of oor naweke besoeke doen, sodat die besoeke versprei word. In die portaal is 'n boek – u is welkom om die name van persone wat u besoek het, daarin te skryf. **'n Spesiale versoek van sr. Alida Buys: lidmate is welkom om haar te kontak by 079 868 8588 indien hulle weet van iemand wat in die hospitaal is. Oom Pottie se kontaknommer is 018 468 1628.**

BYBELVERSPREIDING 2010

1. Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat ons soos volg kan rapporteer:

Bydraes uit die wyke	R3460.00
Muntlegging 31 Oktober	R2145.00
Kollektes by deure	R1703.00
Donasie, Diakonie	R5750.00

Totaal vir 2010 R13058.00

2. Ontleding

Riglyn in 2010	R25 per belydende lidmaat
363 lidmate x R25.00	R9075.00

Danksy die Diakonie se donasie kon ons eindig met R35.97 per lidmaat. Dank aan die Diakonie vir hul ruim bydrae asook aan die lidmate wat bygedra het vir hierdie verdienstelike saak. Dit is ons plig as Christene om toe te sien dat die Woord van die Here wêreldwyd versprei word.

Soli Deo Gloria
Ouderling Abrie Lotter



- ❖ Maak liever 'n sukses van iets kleins as 'n mislukking van iets groots.
- ❖ Die lafaard beskou homself as versigtig, die vrek beskou homself as spaarsamig.
- ❖ Ek het nog altyd gedink dat die dade van mense die beste tolke van hulle gedagtes is.
- ❖ Opvoeding is wat oorbly wanneer wat geleer is, vergeet is.